Laer Volkskool Heidelberg
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
Posbus 84, Heidelberg, GP, 1438
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15,
Hoof: strydompiet@mweb.co.za
Heidelberg, GP, 1441
Webblad: www.laervolkskool.co.za

**6 Februarie 2026**

**Beste Volkie Ouers**

## Algemeen

**Gemeenskap ondersteuning:**

**Heidelberg Hope:**

Heidelberg Hope is 'n plaaslike gemeenskapsinisiatief wat daarop fokus om Heidelberg 'n **veilige, skoon en sorgsame plek** vir ons kinders en gesinne te maak. Hul werk strek oor verskeie areas, insluitend padwerke en infrastruktuur, veiligheid in die gemeenskap, asook skoonmaak- en opknappingsprojekte. Hul steun ook die ontwikkeling van sport in ons kinders deur die Unie Sportsgronde se opgradering en instandhouding.

Benewens dit lê omgee en meelewendheid aan die hart van alles wat hul doen. Hulle ondersteun skole, help waar daar nood is, en werk saam met inwoners om 'n sterker, meer **betrokke gemeenskap te bou.**

Heidelberg Hope funksioneer uitsluitlik danksy **donasies, borgskappe en vrywilligers**. Elke bydrae help hul om hierdie belangrike werk vir ons kinders en ons dorp voort te sit. Sonder die gemeenskap kan hul nie ons paaie herstel, ons parke skoon hou, of gesinne in nood bystaan nie.

Aangeheg is 'n pamflet met meer inligting hoe om **betrokke te raak** en **kontakpersone.**

**Atletiek:**

Ons het **Woensdag, 11 Februarie** ons jaarlikse Heidelberg Kampioenskappe by Hoër Volkskool Heidelberg. Al die laerskole het toestemming ontvang dat hul Graad 4 tot 7 leerders by die huis mag bly aangesien die meeste van ons personeel optree as beamptes.
**Graad R tot 3 het egter 'n gewone skooldag** waar 'n volledige akademiese program gevolg sal word. Ons versoek ons ouers om nie hul Graad R tot 3 leerders by die huis te hou nie.

**Vriendskapsdag:**

Ons vriendskapsweek begin op Maandag, 9 Februarie en duur tot 13 Februarie. Ondersteun groot asseblief ons Graad 7 ouers wat daardie week gebruik as 'n **fondsinsameling vir ons Kultuuraand.** Daar is ontsettend baie moeite gedoen deur die mammas om pragtige produkte te koop aan te bied.

Laer Volkskool Heidelberg
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
Posbus 84, Heidelberg, GP, 1438
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15,
Hoof: strydompiet@mweb.co.za
Heidelberg, GP, 1441
Webblad: www.laervolkskool.co.za

**Opedag:**
By Laer Volkskool Heidelberg is elke dag 'n Opedag. Ons werk met ons ouers se harte en daarom is u enige tyd welkom om ons te besoek. Skakel ons asseblief en geniet 'n begeleide toer deur die skool.

**Selfoonvrye skool:**
Ons bevestig weereens dat ons 'n **selfoonvrye** skool is – dit sluit slimhorlosies in. Hierdie horlosies **trek die kinders se aandag van hul klaswerk af** omdat van die leerders gedurig met die horlosie se funksies besig is. Ons vra ouers om ons hande sterker te maak rondom die kwessie. Kom ons gee vir ons leerders eerder analoog of gewone digitale horlosies.

**Invloed van suiker op ons leerders:**
Ouers, ons vra dat u asseblief sal let op u kind se kosblik inhoud. Pak eerder gesonde, vullende kos en 'n vrug in en vermy te veel soetgoed en ongesonde kos. **Te veel suiker het 'n direkte invloed op u kind se konsentrasievermoë en werklewering**. Dankie dat u ons daarmee help.

## Skool kommunikasie

Ons skool begin binnekort met die gebruik van 'n nuwe skoolkommunikasie- en bestuursprogram, nl. **RuleWise**. Die program gaan gebruik word om kommunikasie tussen die skool en ouers te verbeter, om leerdergedrag en bywoning beter te monitor, en om belangrike skoolinligting vinnig en betroubaar met ouers te deel. Die stelsel help om ouers meer betrokke te hou by hul kind se skoolloopbaan en verseker dat belangrike kennisgewings, afwesighede en skoolsake nie misgekyk word nie. Om te verseker dat die stelsel so vinnig en effektief moontlik in werking gestel kan word. **Ons versoek dat alle ouers van leerders wat in Graad R tot Graad 4 (**en nog nie die vorm voltooi het nie) asseblief die aangehegte/ingeslote inligtingsvorm so volledig en akkuraat moontlik invul vir hul leerders.

Laer Volkskool Heidelberg
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
Posbus 84, Heidelberg, GP, 1438
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15,
Hoof: strydompiet@mweb.co.za
Heidelberg, GP, 1441
Webblad: www.laervolkskool.co.za

## Program vir die week

| Datum | Aktiwiteit | Plek |
|---|---|---|
| 9 Februarie | Vriendskapsweek begin | Pouses op die handjie tennisbaan |
| 10 | Mini-netbal oefening begin | Maak seker op briewe wat u ontvang het. |
| 11 | Atletiek – Groter Heidelberg | Hoër Volkskool |
| | Swemgala – GEEN A.G.V. ATLETIEK | GEEN |
| 13 | Netbal proewe: 0/13 om 14:00 | Ons bane |
| | Vriendskapsdag | |

**Volkiegroete**

**P. STRYDOM**
**HOOF**